# BOEKBESPREKINGS


Beukes, M J du P – Goslin II, Thomas S 1984. *The Church without walls* ........ 653-656

Botha, S J – *Die idee van die Reformasie: Gister en vandag/The idea of the Reformation: Yesterday and today 1991* ........ 656-658

Domeris, W R – Botha, J E 1991. *Jesus and the Samaritan woman: A speech act reading of John 4:1-42. Supplements to Novum Testamentum, Vol 65* ........ 658-661

Naudé, R M – Van Wyk, J H 1991. *Moraliteit en verantwoordelikheid* .... 661-664

Pont, A D – Beeke, Joel R 1991. *Assurance of faith: Calvin, English puritanism, and the Dutch Second Reformation* ........ 664-666

Pont, A D – Coertzen, P 1991. *Gepas en ordelik: 'n Teologiese verantwoording van die orde vir en in die kerk* ........ 667-668

Pont , A D – De Groot, C G 1992. *P J Spener en A H Francke: Grondleggers van die Duitse piëtisme* ........ 669-670

Pont, A D – Van der Walt, J L en Du Toit, S C 1992. *J Chr Coetzee: Reformatoriese opvoedkunde* ........ 670-672

Smith, D J – Keshishian, A 1992. *Conciliar fellowship* ........ 672-675

Van der Merwe, P J – Thorpe, S A 1992. *Primal religions worldwide* ...... 675-679

Van Wyk, G M J – Brümmer, V 1992. *Wijsgerige theologie in beweging* .. 679-682

Vosloo, W – Kruger, P 1992. *Ek sal vir jou wees soos die dou* ........ 682-684

# Boekbesprekings

Goslin II, Thomas S 1984 - The Church without walls

Pasadena, California: Hope Publishing House. 99 bladsye. Prys onbekend

Resensent: Prof M J du P Beukes

## TEGNIESE VERSORGING EN INKLEDING

Die publikasie bestaan uit 'n voorwoord en 12 hoofstukke. Dit is tegnies goed versorg en geskryf in maklik leesbare Engels.

Die bedoeling van die skrywer was waarskynlik om in elke hoofstuk 'n aparte aspek van die tema aan die orde te stel. Hy slaag hoegenaamd nie daarin nie. Gegewens loop in die verskillende hoofstukke deurmekaar. Bepaalde gedagtes word oor en oor herhaal.

Die ortografiese versorging is goed. Die bronnelys is kort en hoofsaaklik beperk tot Amerikaanse outeurs.

## DOEL EN RELEVANSIE

Die skrywer poog om aan te toon dat die besit van 'n kerkgebou nie 'n wesenlike eienskap van kerkwees is nie. Naas die enkele teologies-prinsipiële argumente, toon hy hoofsaaklik vanuit praktiese oorwegings aan dat daar reeds in Amerika, Europa en Sjina baie gemeentes effektief in huise en ander geboue funksioneer.

Die hantering van genoemde tema is beslis tydig en relevant. In die huidige ekonomiese krisis word die wenslikheid van luukse kerkgeboue voortdurend bevraagteken. Die vraag na die noodsaaklikheid van kerkgeboue word selfs op die tafel geplaas. Dit gebeur reeds in Suid-Afrika dat daar afsplintering van die bestaande kerke plaasvind en dat die betrokkenes dan in huise en ander gewone geboue hulle funksionering voortsit.

## INHOUD EN BEREDENERING

Die skrywer laat sy basisteorie praktyk word deur in Madrid, Spanje as sendeling 'n gemeente tot stand te bring wat met sy ontstaan reeds besluit het om nooit 'n kerkgebou op te rig nie. Toe die gemeente uit agt tot twintig lidmate bestaan het, het hulle in 'n gewone huis vergader. Namate groei plaasgevind het, het die behoefte na groter ruimte noodsaaklik geword. Verskillende geboue is benut: 'n skool, 'n hotel en 'n ander kerk se fasiliteite. 'Sharing facilities cross denominational lines is not new, but it is an effective way for a new church to develop an adequate place of worship without building and

maintaining its own church structure' (bl 21).

Die skrywer vertel van baie klein gemeentes in Amerika met tien en twaalf lidmate wat uitsluitlik van die fasiliteite van 'n gewone huis gebruik maak. Hy vertel egter ook van baie groot gemeentes wat reeds vir baie jare sonder 'n kerkgebou klaarkom. 'n Voorbeeld hiervan is die gemeente van pastor Kip McKean van Boston in Massachusetts. Hierdie gemeente, wat gegroei het van veertig tot oor die tweeduisend, maak Sondae gebruik van 'n operahuis, in die week van skole en ander gemeentes se kerkgeboue.

In Sjina, net soos in Latyns-Amerika, was dit veral die huisgemeentes wat die voortgang van die kerk verseker het. 'Christians everywhere have been thrilled to learn of the resurgence of the church in the People's Republic of China. Over the years small Christian communities, meeting in homes, have kept the faith alive during one of the most radical upheavals in human history. These groups met in homes or other private places when it was not possible for them to meet publicly as a church' (bl 49).

**DIE SKRYWER VOER VERSKILLENDE REDES AAN WAAROM 'KERKBOU' NIE ABSOLUUT NOODSAAKLIK IS NIE**

- Die Nuwe Testament en die vroeë geskiedenis van die kerk maak nie melding van kerkgeboue wat opgerig is nie. Voor Konstantyn die Grote in die vierde eeu is hoofsaaklik van huise, katakombes en ander geboue gebruik gemaak.

- God se teenwoordigheid is nie gekoppel aan 'n bepaalde gebou nie. Hy is teenwoordig waar mense in sy naam vergader en nie noodwendig in 'n kerkgebou nie.

- Die kerk bestaan uit mense en nie uit geboue nie.

- Die kerk is geroepe om die evangelie te verkondig en nie om geboue op te rig nie. Die kerkbouprogram lei dikwels daartoe dat al die gemeentes se denke, tyd en finansies in die oprigting van die gebou gaan en die verkondiging, veral die sending, verwaarloos word. 'The mission of the Church, at its best, has always been people-centered and not temple-centered' (bl 80).

- Die oprigting en die instandhouding van 'n kerkgebou is so duur

dat 'n gewone gemeente dit nie meer kan bekostig nie.

- Is dit reg dat 'n gemeente duisende en selfs miljoene rande aan 'n kerkgebou spandeer terwyl daar baie mense is wat nie eers 'n dak oor hulle kop het nie?

- In baie gevalle ontvolk die omgewing rondom die kerkgebou en die klein getal wat oorbly, kan die duur kerkgebou nie instand hou nie.

- Herskuiwing van bevolkingsgroepe is ook 'n feitlik algemene tendens. Die nuwe gemeenskap wat in die omgewing van die kerkgebou kom woon, behoort dikwels aan 'n ander kerklike denominasie en gevolglik staan die kerkgebou onbeset.

Verskillende struikelblokke sal volgens die skrywer eers oorkom moet word voordat dit vir Christene algemeen aanvaarbaar sal wees dat 'n gemeente sonder 'n kerkgebou kan funksioneer.

- Gemeentelede is gewoond dat alle kerke 'n kerkgebou het. Hierdie konsep sal volgens die skrywer nie maklik verander nie.

- Die menslike trots, wat diep in die mens ingewortel is, lei daartoe dat elke gemeente die grootste en die beste kerkgebou wil hê.

- Baie lidmate dink niemand sal by hulle aansluit en met hulle rekening hou as hulle nie 'n kerkgebou het nie.

- Die gedagte van kerkwees sonder 'n gebou vra 'n verandering van beskouing en gesindheid. Net om te verander is al vir baie lidmate 'n probleem.

Die grootsheid van die saak behoort, volgens die skrywer, elke gemeente te inspireer om nieteenstaande die struikelblokke wat bestaan, voort te gaan.

## EVALUERING VAN STANDPUNT

Die publikasie word gekenmerk deur eensydigheid en gebrek aan teologiese diepgang. Die skrywer beweeg van een uiterste standpunt na 'n volgende. Die uiterste standpunt van 'n gemeente wat oor die beste, grootste en duurste kerkgebou moet beskik, word sonder enige diepgaande beredenering verwerp. Daarteenoor word die ander uiterste standpunt aanvaar: Die gemeente moet sonder 'n kerkgebou funksioneer.

Die saak onder bespreking is van die allergrootste belang. Dit is 'n saak wat elke gemeente raak. Dit is veral relevant vanweë die ekonomiese krisis in Suid-Afrika, in Afrika en die res van die wêreld.

Die antwoord op die vraag: 'n Kerkgebou of nie 'n kerkgebou nie, is

nie sonder meer 'n teologiese saak nie. Dit is hoogstens prakties-teologies van aard, met meer klem op die prakties as op die teologies.

Die saak van plek en ruimte vir die erediens kom in die Ou Testament dikwels voor. In die Nuwe Testament skuif dit geheel en al op die agtergrond. Die gemeente se kerkplek is nie meer noodwendig die tempel of die sinagoge nie. Elke plek en oomblik kan vanweë Christus se koms nou erediensplek en tyd wees. Nieteenstaande hierdie geleentheid wat ontstaan, is dit in die Nuwe Testament egter duidelik dat God nog steeds wil hê dat sy gemeente gereeld moet vergader en dat Hy in die byeenkoms van die gemeente op 'n besondere wyse teenwoordig is. Die klem val egter nou op die aktiwiteite wat tydens die byeenkoms plaasvind en nie soseer op die plek waar die byeenkoms plaasvind nie.

Die vraag na 'n kerkgebou of nie 'n kerkgebou nie, sal beantwoord moet word vanuit die doelperspektief. Wat is die funksie van die gemeente? Die funksie is volgens die Skrif: verkondiging, gemeenskap en barmhartigheidsdiens. Elkeen van hierdie funksies het weer verskillende onderafdelings. Die klem sal in die gemeente altyd op hierdie aktiwiteite moet val. Om hierdie aktiwiteite na behore te verrig, is 'n doelmatige gebou nodig. Indien 'n gemeente 'n doelmatige gebou kan vind, is die oprigting van 'n kerkgebou seker nie nodig nie. Indien die gemeente wel bou, behoort doelmatigheid die uitgangspunt te wees en nie luuksheid nie. Die koste wat bestee word, behoort sodanig te wees dat dit nooit 'n las vir 'n gemeente word nie en die gebou behoort nooit 'n grootheid op sigself te wees nie.

---

**Die idee van die Reformasie: Gister en vandag/The idea of the Reformation: Yesterday and today 1991**

Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studies. 526 bladsye. Prys R35,00

**Resensent: Prof S J Botha**

Uit die verantwoording van prof B J van der Walt, direkteur van die Instituut vir Reformatoriese Studies aan die PU vir CHO, blyk dit dat hierdie omvangryke publikasie die resultaat is van 'n navorsingsprojek waarmee reeds teen die helfte van 1987 begin is. Die aanleidende oorsaak vir die projek was die geweldige en ingrypende veranderinge wat wêreldwyd, maar ook in Suid-Afrika, aan die gang is. Die afleiding is gemaak dat die idee van reformasie belangrik is en steeds belangriker word. Die probleem wat opduik is dat daar selde,

indien ooit, presies verduidelik word wat met die begrip 'reformasie' bedoel word. Die bedoeling van die publikasie is dan juis om meer duidelikheid in dié verband te verkry.

Dit blyk ook uit die verantwoording dat die navorsingsprogram nog meer omvattend was as wat blyk uit die publikasie. Vanweë redes soos 'n tekort aan mannekrag en fondse kon dit nie realiseer nie. Wat aangebied word, word genoem 'die eerste "boorwerk" in 'n omvattende eksplorasie'.

Die werk is saamgestel uit sestien artikels wat onder drie afdelings gerangskik is.

Die eerse afdeling dra die opskrif 'Die idee van reformasie deur die Christelike tradisie.' Die eerste van die vier artikels in hierdie afdeling uit die pen van prof B J van der Walt self, het reeds in 1989 as 'n studiestuk van die IRS verskyn en is in die *HTS* jaargang 47 aflewering 3 bespreek. Die tweede en derde artikels in hierdie afdeling handel onderskeidelik oor 'Reformasie in die Nuwe Testament' en 'Wat Calvyn onder Reformasie verstaan het in vergelyking met die laat-Middeleeuse idees in verband daarmee'. Hoewel die vierde artikel 'Politieke stryd tussen Christene: Die siening van twee Hugenoteskrywers' interessant is, lyk die artikel nie heeltemaal op sy plek nie.

Die tweede afdeling omvat ook vier artikels en dra die oorhoofse opskrif: 'Die idee van Reformasie by enkele kontemporêre Reformasie denkers'. Die vier denkers wat behandel word is A Kuyper, Cornelius van Til, Francis Schaeffer en G C Berkhouwer.

Die derde afdeling is die uitgebreidste en beslaan agt artikels en bietjie meer as die helfte van die totale aantal bladsye.

Twee van die sestien artikels is deur buitelandse geleerdes gelewer naamlik Scott Oliphint, Dean of students Westminister Theological Seminary oor 'Cornelius van Til and the reformation of Christian Apologetics' en prof J Klapwijk van die Filosofisch Instituut Centrale Interfaculteit Vrije Universiteit Amsterdam oor 'Reformational philosophy on the boundary between the past and the future'. Die veertien ander artikels het bekende plaaslike akademici en kundiges uit die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Onwillekeurig bring dit die vraag na vore of die opmerking in die verantwoording 'dat 'n groot deel van die Christendom aan reformatoriese kerke behoort', dit nie vanselfsprekend gemaak het om al hierdie kerke by 'n besinning oor so 'n belangrike saak te betrek nie.

Om teenoor al die skrywers billik te wees, sou elkeen se bydrae afsonderlik bespreek en beoordeel moes word. Dit sou tot 'n omvangryke

bespreking voer wat nie vir publikasie aanvaarbaar sal wees nie. Aan die ander kant is 'n gemeenskaplike beoordeling net so onbegonne omdat, ten spyte van 'n verband tussen die bydraes, daar tog ook afstand tussen die bydraes bestaan.

In die lig van die bedoeling om tot groter duidelikheid oor die begrip 'reformasie' te kom, moet dit as maatstaf vir die verskillende artikels gebruik word. Globaal gesien, sit mens ná die lees van die artikels steeds met die vraag of die idee van reformasie binne die gereformeerde kerkfamilie primêr 'n kerklik-teologiese begrip is en of dit in hierdie geledere ook 'n ander betekenis begin kry. Die vraag of die 'gees van verandering en hervorming' (bl 47) wat die wêreld vandag beetgepak het, voortvloei uit die gereformeerde slagspreuk 'ecclesia reformata semper reformanda' met die daarby behorende vereiste dat dit in ooreenstemming met die Woord van God sal geskied, vind nie 'n werklike antwoord nie. Is dit 'n saak van kerkhervorming in leer en lewe op grond van die eise van God se Woord wat ook konsekwensies het op die sosiaal-politieke terrein, of is dit 'n geval dat die gebruik van die woord reformasie op die sosiaal-politieke terrein nou in die kerklik-teologiese wêreld verwarring skep?

Talle vrae het steeds onbeantwoord gebly. Nogtans word hierdie werk aanbeveel omdat dit prikkelend is as 'die eerste "boorwerk" in 'n omvattende eksplorasie'.

---

**Botha, J E 1991 – Jesus and the Samaritan woman: A speech act reading of John 4:1-42. Supplements to Novum Testamentum Vol, 65.**

Leiden: Brill. 220 pages. Price unknown.

Reviewer: W R Domeris

Eugene Botha cogently argues that the style of the Fourth Gospel is an area which has been sadly neglected. Studies in the past have narrowed style down to grammar or vocabulary or even theological trends, but nowhere is the style of the Gospel given the attention it truly deserves. Such an absence is all the more remarkable in view of the amount of secondary literature devoted to John, and to aspects of the evangelists style like irony and misunderstanding. In response to this scholarly lacuna, Botha presents his speech act reading of the discussion between Jesus and the Samaritan woman (Jn 4:1-42).

Jesus and the Samaritan women is a revised form of Botha's doctoral dissertation presented in 1989 to the University of South Africa under the

supervision of Professor Willem Vorster. Botha is a fluent writer and the book reads easily, in spite of the very technical nature of some of the sections. Although he operates from a Greeg text basis in his exegesis, Greek words in the actual discussion are kept to a minimum. The use of the Harvard system removes the lengthy and often unnecessary footnotes of other systems, again contributing to an ease of access to the main thesis of the book. The author's use of short summaries at the end of each section enables one to confirm each step in the discussion before proceeding. Similarly by breaking each chapter into a number of short sections, he adequately serves to steer the reader through the discussion and towards the final conclusions.

Five chapters make up the book, the longest being chapter four which is the heart of the work, namely a speech act reading of John 4. The opening chapter deals with a critical evaluation of some of the trends in previous research into the broad area of Johannine style, including irony, misunderstanding, grammatical aspects, literary structures and narrative art. Chapter two focuses very briefly upon the question of style, while chapter three details the methodology to be employed, with a basic introduction to speech act theory. The reading of John 4 then follows, and the final chapter draws the threads together with a number of concluding remarks regarding Johannine style, as highlighted by this novel approach. A full bibliography and index of subjects and sources completes the work.

The central thesis, which Botha sets out to prove is that the use of modern literary methods, particularly speech act theory, are essential to a proper understanding of the style of Johns Gospel. He demonstrates quite clearly the inadequacy of previous studies of style and although he does not produce such, he does show the significance of a speech act reading for developing the basics of a study of Johannine style. Botha's study is thus a pioneering one, designed primarily to map out the path for other scholars to follow. The reader is convinced of both the pitfalls of the past and the promise of the future.

Botha sums up his work by saying that his speech act reading has provided 'some wonderful new ways of approaching the text of John' but that he considers the chief benefit of the study to be his demonstration of the premise 'that style has to do with the total communication of the text, carried by a multitude of aspects in combination'. A good example of this is found in his exploration of John 4:19-26, concerning the revelation of the lifestyle of the women and ending in Jesus' claim to be the Messiah. Leaving aside for the moment the theolo-

gical meaning and exegetical considerations, Botha focuses on the question of how the language is used and how it functions.

The function of the utterances of Jesus is to convince the woman to adopt a similar belief, which as an illocutionary act falls into the technical classification of a constative, as assertives (e g Jn 4:22, 24), or predictive and informative (Jn 4:23). Not only is the woman encouraged to adopt the beliefs of Jesus, the utterances also serves to establish Jesus' position in her eyes. Thus in John 4:23 he shows himself to be a prophet, with a superior knowledge about God and the plans of God, over and above his intimate insights into the woman's lifestyle. When the woman still fails to comprehend the fullness of the revelation, Jesus abandons the 'indirect speech acts and veiled expressions' and uses the assertive form 'I am the Messiah' leaving the woman no option but to choose to believe or not. The success or failure of this strategy from the reader's perspective remains uncertain until John 4:29.

At the level of the implied author, one becomes aware that the strategy used is that of 'unbalancing the reader' as Jesus shows that the woman is not single as she says but married. Thus the reader is forced to step back from the text and look beyond the simple literal level. Notably the fact that the woman is morally out of line is not developed in the text (an insight which has been overlooked by previous exegetes), and her reception by her community is a positive one. Both these factors are unusual and again may be seen to challenge the reader (misfoot him or her). Here, as Botha shows is the advantage of the speech act reading which distinguishes two levels of communication, namely between Jesus and the woman and between the implied author and his/her readers. The receptor of the clues in the dialogue is not the woman but the implied reader.

The issue of the story is not the woman's five husbands but Samaritan religion. As the woman moves closer to Jesus' position, so the way is open for the readers to identify more closely with her. The future references of Jesus obliterate his reference to the woman's past, and the woman's security moves from her ancestors to 'the Father'. At the same time her misunderstandings move the readers towards the correct analysis of the situation and of Jesus' words, and allows the story to develop to its conclusion when the woman and reader find themselves in union as believers in Jesus.

The thesis of Botha works itself out step by step in an entirely logical manner, that the reader will find largely convincing. His use of his/her of the implied author is to be commended, as is his incorporation of a

rich variety of scholars both from South Africa, the USA and the continent. Such critical comments that may be made seem largely insignificant in the light of Botha's excellent and thoroughly academic study. I found only a few issues worthy of tabulation. The English of the preface is not at the same level as the rest of the work, and one encounters aspects like two 'also' in one sentence (xi), an incorrect verb form (serves instead of serve) on page ix, and a mixed metaphor (arsenal of tools) on page x. The book itself sometimes duplicates discussion (e g constatives are discussed on page 147 and then defined again as if not previously encountered on page 152). Finally in the bibliography the entry on Moule has a colon (:) in the middle of the title. Such minor details do not detract in any way from Botha's superb work. I can earnestly recommend this book to all those, like myself, for whom the Fourth Gospel has pride of place.

---

Van Wyk, J H 1991 – Moraliteit en verantwoordelikheid.

Potchefstroom: Departement sentrale publikasies PU vir CHO. 425 bladsye. Prys R2,00.

Resensent: Dr R M Naudé

Soos 'n vorige publikasie, het die skrywer 'n boek saamgestel van 'n aantal artikels (bl 5) wat met verloop van 'n paar jaar geskryf is. Alhoewel die artikels handel oor 'n groot verskeidenheid van onderwerpe, word politieke etiek tot 'n groot mate as tema aangesny. Die boek is dan ook opgedra aan staatspresident F W de Klerk en mev De Klerk.

Die artikels word gegroepeer in die volgende tema-eenhede:

* Moraliteit en Verantwoordelikheid
* Moraliteit en Rewolusie
* Moraliteit en Oorlog
* Moraliteit, Staat en Kerk
* Moraliteit en Eskatologie

Te oordeel aan die aantal artikels per tema sou 'n mens kon opmerk dat die klem geplaas word op moraliteit, staat en kerk. Sake soos kerk en politiek, menseregte, doodstraf, Christelik-nasionaal, kerklike getuienis en reformasie in die kerk word bespreek. Dit is egter veral die voordrag oor kenosis, selfverloëning, wat na my oordeel die grootste klem verkry en sy politieke etiek kenmerk. Hieroor word aanstons meer gesê.

Die skrywer erken dat die samestelling van artikels wat oor 'n lang periode geskryf is (1976-1991), dit onvermydelik maak dat herhalings kan voorkom. Dit is wat inderdaad gebeur. Die skrywer spreek die hoop uit dat dit nie steurend vir die leser sal wees nie. Ek vind dit jammer dat wetenskaplike artikels wat aangebied

word nie so versorg is dat herhaling minimaal sal voorkom nie. Dit is nie hinderlik dat oorvleueling voorkom nie, maar wel wanneer 'n woordelikse herhaling van 'n argument weer gelees moet word. Dit kom veral voor by die tema kerk en oorlog. 'n Aanpassing van 'n artikel by die bundel is wel gemaak ten opsigte van die bespreking van psigologiese geweld (bl 89). As dit deurgaans gedoen is, sou dit die leesbaarheid van die boek verhoog het.

Die boek lewer 'n belangrike bydrae met betrekking tot die teologiese gesprek wat tans in Suid-Afrika gevoer word. Die onderwerpe wat aangesny word, is aktueel en word op 'n wetenskaplike wyse aangebied. As ek een artikel mag uitsonder, sou ek die bespreking oor die feministiese teologie wou aandui as sowel goed beredeneerd as gedokumenteerd, alhoewel bondig aangebied.

Vanwee die eie aard van die bundel word enkele kritiese aspekte puntsgewys gestel:

1. Die bespreking van 'verantwoordelikheid' word aangebied sonder om 'vryheid' as ko-faktor ter sprake te bring. Die skrywer meld die verbintenis tussen vryheid en verantwoordelikheid in die inleiding van die artikel, maar bespreek nie die aard van hierdie verhouding nie. Dit is ook opvallend dat die werke van Richard Niebuhr nie geraadpleeg is nie.
2. Die bespreking van die betekenis van die 'gewete' kan met groot vrug aangevul word met die uitspraak van prof B J Engelbrecht: 'Die gewete is die herinnering aan die Woord van God'. As hierdie uitspraak in ag geneem word, sal die gewete nie so maklik funksioneer as 'n selfstandige grootheid naas die mens nie (bl 20).
3. Die skrywer handhaaf twee wyses van Skrifberoep. 'n Direkte Skrifberoep word as genoegsaam geag as die saak in die Skrif voorkom. 'n Indirekte Skrifberoep word gedoen as die saak nie in die Bybel voorkom nie. Waarom nie 'n Skrifberoep wat rekening hou met die teologie van die Skrif ongeag of 'n direkte uitspraak in die Skrif gemaak word al dan nie? Dit sal ten minste die gevaar verminder dat daar in die een geval wettiese en in 'n ander geval teologiese uitsprake gemaak word.
4. Die beoordeling van situasie-etiek skets nie die volle spektrum soos Fletscher dit omskryf nie. Situasie-etiek moet duidelik onderskei word van antinomianisme waar die situasie die norm word. Situasie-etiek gee erkenning aan die noodsaak van norme.. Die boek van Fletscher in dié verband word gemis in die literatuurlys.

5. Ek wil graag heelhartig daarmee saamstem, soos ek dit trouens jare gelede reeds gedoen het, dat teleologie onmisbaar vir die Christelike etiek is (bl 30), asook met die stelling dat dit 'n drogredenasie is dat hoe onmensliker dit daaraan toegaan, hoe Christeliker 'n daad is (bl 5).
6. Die skrywer het dit goed gedink om 'n skerp aanklaende verwysing na die teologie van die Hervormde Kerk onveranderd sedert 1986 te handhaaf (bl 51). Hy spreek sy twyfel uit of die 'gesondmakende invloed van Barth soos prof Engelbrecht dit noem, 'n rol speel in die teologie van die Hervormde Kerk. Dit sal die skrywer goed doen om Barth se afwysing van die realisering van die Koninkryk aan die een kant, en sy politieke siening aan die ander kant, teen mekaar op te weeg (bl 44, 48). Barth se invloed op die Hervormde teologie sal dan duideliker word. Dit dien ook vermeld te word dat die kritiese opmerkings van prof Engelbrecht 'n finesse vertoon van wetenskaplikheid wat daarin uitmond dat kritiek gelewer word sonder om persoonlik aan te val. Die toepassing van die kritiek op die Gereformeerde teoloë is 'n gevolgtrekking wat die skrywer self maak. Die voorbeeld wat prof Engelbrecht gestel het, kan maar gerus gevolg word.
7. Die opmerking word gemaak dat disinvestering bedoel word as alternatief vir geweldadige verset en as reaksie teen strukturele geweld (bl 84). Dit word gesê sonder dat enige omskrywing van disinvestering gegee word. Op bladsy 11 word wel 'n vollediger omskrywing gegee. Die vraag is nou of die eerste uitspraak (bl 84) binne sy eie konteks beoordeel moet word en of dit in die lig van die omskrywing (bl 119) geplaas moet word wat die beswaar sou ophef? Dalk sou dit beter gewees het om die artikel met die vollediger omskrywing eerste te plaas.
8. Die beskrywing van die verhouding kerk en wêreld is ietwat onduidelik. Drie stellings word gemaak:
   - Kerk en wereld mag nie vermeng word nie (bl 98).
   - Die kerk moet 'n model wees waarvolgens die samelewing ook kan bestaan (bl 99).
   - Die kerk moet nie net in sy bestaan die (onenige) beeld van die wêreld in eie boesem vertoon nie, maar die kerk moet ook vry wees teenoor die wereld (bl 10).

Is die raakpunt van die kerk met die wêreld 'n eenrigting verkeer? Is die moontlikheid van 'n twee-

rigting verkeer daarmee by die wortel afgesny?
9. Met betrekking tot kapelaanskap word kursories gestel dat die *verbi Dei Minister* nooit staatsamptenaar moet word of as sodanig sal funksioneer nie (bl 187). Is dit dan immoreel vir 'n predikant om 'n huweliksbevestiger, dit wil sê, 'n staatsamptenaar te word?
10. Dit is waar dat selfverloëning (bl 8) tipies Christelik is. Die skrywer plaas egter oordrewe klem daarop sonder om selfverloëning ook in die lig te plaas van selfhandhawing en die balans aan te dui soos Christus dit doen (Matt 22:39).
11. Oor die onderwerpe soos die twee ryke-leer (bl 213), menseregte (bl 53), en die oopgesprek oor die getuienis van die 193 predikante (bl 311) kan talle vrae gevra en standpunte gestel word. Hierdie resensie is egter nie die plek dáárvoor nie.

In geheel gesien, het prof Van Wyk 'n bundel gelewer wat die gesprek oor talle brandende vraagstukke in Suid-Afrika dien. Die kritiek en vrae wat gevra word in hierdie resensie dui nie soseer op gebreke in die bundel nie, maar eerder op die aard van die vraagstukke ter tafel wat bespreking uitlok. Die hoop word uitgespreek dat hierdie begaafde skrywer weer 'n boek van hierdie gehalte sal lewer.

---

**Beeke, Joel R 1991 – Assurance of faith: Calvin, English puritanism, and the Dutch Second Reformation.**

New York: Peter Lang. 518 bladsye. Prys onbekend.

Resensent: Prof A D Pont

Die hele saak van die sekerheid van die geloof is in die teologie van Calvyn en die na-Calvynse teologie, 'n saak van wesenlike belang omdat die Reformatore die slagkreet van *sola fidei*, in navolging van Luther en Paulus, voorop gestel het in hulle teologie. In die na-Calvynse Calvinisme word dié saak van die sekerheid van die geloof geweldig belangrik omdat daar tog 'n geleidelike verskuiwing van die aandag wég is van God wat red na die mens wat gered word; weg van God wat die geloof gee na die mens wat die geloof ontvang. Hoewel Beeke stel dat die na-Calvynse teologie, in die oorweging van hierdie saak, net kwantitatief van Calvyn se teologie verskil en nie kwalitatief nie, is dit juis die verskil.

Beeke wil die verskil tussen die teologie van Calvyn en die na-Calvynse teologie nie beklemtoon of te hoog

aanslaan nie. Maar dan ontstaan die probleem dat die geleidelike aksentverskuiwing in die Calvinistiese teologie nie raakgesien word nie. Uiteindelik land ons dan by die teologies-onhoudbare stelling dat Andrew Murray in die negentiende eeu in Suid-Afrika 'n stoere Calvinis was. Dit is moontlik as die lyn vanaf Calvyn se reformatoriese teologie so getrek word dat dit lyk asof die Engelse puriteine en die Hollanders van die Nadere Reformasie die volkome wettige erfgename van Calvyn is. Dan beteken dit dat die negentiende-eeuse Nederlandse teoloë Chantepie de la Saussaye en J H Gunning, met hulle etiese teologie waardeur myns insiens die mens Godgelyk word, beskou moet word as die ware erfgename van Calvyn se teologie, terwyl H F Kohlbrügge dan 'n verworpene moet bly! Daarmee word net gestel dat daar tog 'n leemte in Beeke se argument by die wegspring is. Juis deur nie die aksentverskil in ag te neem nie, is Beeke se hele studie van die begin af op die verkeerde spoor. Daarby word dit toegegee dat die tyd nà Calvyn en veral na die Konsilie van Trente 'n totaal nuwe situasie was wat ander vrae gestel het en 'n ander teologiese aanpak vereis het. Tog moet die omstandighede nie die feit verdoesel dat die aandag in die sewentiende-eeuse Calvinisme vanaf die objektiewe na die subjektiewe verskuif nie.

Omdat Beeke vanuit die Engelse kerklike wêreld skrywe, is die Engelse Westminster Assembly wat in die eerste helfte van die sewentiende eeu gehou word, vir hom van wesenlike waarde. Enersyds omdat dié Assembly 'n besondere gebeure in die Engelse kerklike wêreld is en andersyds omdat daar die laaste van die duidelike Calvinistiese belydenisskrifte geformuleer is. Daarom vorm die Assembly vir hom 'n waterskeiding en verdeel dit sy werk in twee dele. Die eerste deel handel dan oor die Reformatore, Beza, die Puriteine en Teellinck se siening van die sekerheid van die geloof.

Die tweede deel van die boek handel oor hoofstuk agtien van die Westminster belydenis waar dit spesifiek oor die sekerheid van die geloof gaan, asook John Owen en Alexander Comrie, die Skot wat 'n Hollander geword het. Die derde deel van die boek is 'n vergelyking tussen die siening van die Engelse puritanisme van die geloofsekerheid in vergelyking met dié van die Nederlandse Nadere Reformasie.

In sy samevattende opmerkings wys Beeke daarop (bl 365) dat vir die Reformatore die geloofsekerheid gerus het op die objektiewe beloftes van God in Christus. Die na-Calvynse Calvinisme voer die saak verder en stel dat as sekondêre gronde vir die geloofsekerheid, die *sillogismus practicus* en *misticus*, en die getuienis van

die Gees ook geldig is. Dit is juis hierdie sekondêre gronde vir geloofsekerheid wat so sterk deur sowel die Engelse puriteine as die Nederlanders nagevors en uiteengesit is.

Hierdie saak van geloofsekerheid was om verskillende redes van wesenlike belang. Die eerste seker omdat die Roomse teologie met sy leer van werkheiliging, enigiets soos 'n absolute geloofsekerheid ontken het. Die tweede rede is dat in die Skrif die samehang geloof-geloofsekerheid gegee is in die woorde wat vir geloof gebruik word en in die boodskap van die Skrif (vgl bl 363-365).

Beeke ontken ten ene male dat hier, teologies gesproke, 'n aksentverskuiwing plaasvind, want hy stel: 'These theologians microscopically examined personal, spiritual experience precisely because they were eager to trace the hand of God Triune working in their lives in order to return all glory to the electing Father, redeeming Son and applying Spirit' (bl 366). Beeke beklemtoon dat die saak van geloofsekerheid dié primêre teologiese vraag van die na-Calvynse Calvinisme is. Hy is daarvan oortuig dat die uiteensettings oor die geloofsekerheid die geestelike lewe van die gemeente gestimuleer het solank dit nie in een of ander vorm van mistisisme verval het nie.

Uiteindelik stel Beeke dan (bl 377): 'Assurance is the cream of faith. It is inseparable from each exercise of faith. It grows by means of faith in the promises of God, inward evidences of grace, and the witness of the Spirit.' Daartéénoor word die duidelike reformatoriese standpunt weer teruggevind by Kohlbrugge in sy *Vragen en antwoorden tot opheldering en bevestiging van den Heidelbergschen Catechismus*, en dan veral sy verduidelikende vrae en antwoorde rondom Vraag en Antwoord 21 van die Heidelbergse Kategismus. Hier word weer duidelik dat vir die Reformatore die genadegawe van die geloof vanselfsprekend voer tot belydenis en dankbaarheid en dat daar nie 'n afstand tussen objektief en subjektief soos die Puriteine en manne van die Nadere Reformasie dit poneer, is nie.

Hoe dit ookal sy, ek het met groot waardering hierdie buitengewoon interessante boek gelees. Dit is uit 'n effens ander hoek geskrywe as Graafland se *De zekerheid van het geloof* van 1961, en voer sodoende die debat weer verder. Juis omdat die Nadere Reformasie ook ons 'gemeenteteologie' bepaal het, is hierdie werk eintlik noodsaaklike leesstof vir ons predikante. Dan moet egter bygesê word dat dit, soos alle goeie boeke, met die gawe van onderskeiding gelees moet word.

**Coertzen, P 1991 – Gepas en ordelik: 'n Teologiese verantwoording van die orde vir en in die kerk.**

Pretoria: RGN-uitgewers. 292 bladsye. Prys onbekend.

**Resensent: Prof A D Pont**

In die inleiding tot hierdie interessante studie stel Coertzen baie pertinent: 'In die laaste jare het daar egter by die meeste teoloë 'n naïewe ontvreemding met betrekking tot die regsorde ontstaan. Die rede hiervoor is dat hulle te abstrak dink en ook die noodsaaklikheid om idees en beginsels in praktyk te bring, onderskat.' Dit is baie waar want baie teoloë in ons dae het vergeet wat vader Gisbertus Voetius al geleer het naamlik dat die teologie by uitnemendheid 'n saak van die praktyk, van die lewe van elke dag is. Omdat Voetius egter verteenwoordigend van die gereformeerde ortodoksisme is, is die raad seker 'n bietjie te vanselfsprekend vir diegene wat hulle teologie beoefen op die skering en inslag van Kant tot by Marx.

Dit is uit die inleiding duidelik dat Coertzen met hierdie volstandige studie wil vra na die grondslae van die kerklike orde en dat hy in die proses 'n groot hoeveelheid materiaal deurgevors en nagegaan het. Die resultaat is 'n geskrif wat in baie opsigte uitnemend bruikbaar is.

Die boek is netjies gestruktureer en bestaan uit ses hoofstukke. Een hoofstuk is 'n dubbel-hoofstuk. Kortliks dra die hoofstukke die volgende titels:

* Kerk en orde/reg
* Kerkreg, kerkregering en metode
* Bronne vir die beoefening van kerkreg en kerkregering
* Die plek en funksie van kerkreg
* 'n Kerkorde
* Uit die geskiedenis van kerkreg en kerkregering.

Die versoeking bekruip my om 'n volstandige bespreking te loods omdat in hierdie uiteensetting baie belangrike en prikkelende stellings gemaak word. Uit die aard van die saak sal daar nie oor alles eenstemmigheid wees nie en dit is ook nie nodig nie. Die belangrike is egter om vas te stel dat hier op 'n saaklike en wetenskaplike wyse 'n uiteensetting gegee word wat eintlik deur elke teologiese student en miskien ook elke predikant, met sorg en aandag gelees behoort te word. Veral ons predikante kan hier kom kers opsteek. Die neiging is deesdae dikwels om haastig een of ander Amerikaanse 'resep' te probeer vind om daarmee 'n probleem op te los. Dit word nie hier gebied nie maar wel word die duidelike struktuur van die kerk en die grondliggende argumente gegee waarom in die kerk 'n saak so en nie anders is nie. Hier kan 'n predikant dus leer binne watter grense en met welke

vooronderstellings hy as ampsdraer in die kerk funksioneer. Juis hier is Coertzen se uiteensetting op bladsy 93 onder die opskrif: 'Christusregering deur Woord, Gees en dienste' belangrik. Hier word in 'n paar bladsye groot en belangrike lyne getrek.

Belangrik, veral vir die Suid-Afrikaanse situasie, is dat Coertzen ook heelwat aandag gee aan die uitgangspunte en sienings van canonici wat buite die Calvinistiese tradisie staan. Daarby hou hy ook rekening met die Roomse standpunt. Deur dit alles wil Coertzen juis sy standpunt onderstreep: 'Voortdurend moet daar gevra word of daar met die regte vertrekpunte gewerk word, of hulle voldoende is om te voorsien in al die behoeftes en vereistes van kerkreg as 'n teologiese wetenskap en die kerk as 'n gemeenskap van gelowiges...waarvan Jesus Christus die enigste Hoof en Here is...' (bl 73). Deur hierdie saak so aan die orde te stel, het Coertzen 'n belangrike bydrae tot die studie van die kerkreg gemaak.

Die tweede gedeelte van hoofstuk twee is daarom juis so interessant en belangrik omdat Coertzen hier die metodologiese bakens vir die kerkreg en die kerkregering uitspel. Daarin noem hy dan koninkryk, die kerk, Christus die enigste hoof van die kerk, die Christusregering, die opbou van die kerk en die Skrifgegewe indikatief en imperatief. Telkens probeer Coertzen om sy argument duidelik skriftuurlik te fundeer en bou hy hierdie matriks verder uit.

So sou verder voortgegaan kon word om die verskillende hoofstukke te bespreek en te stel wat daarin sinvol en belangrik is ensomeer. Dit is egter nie nou ter sake nie. Wat opvallend is en waarvoor daar waardering is, is dat Coertzen baie moeite doen om die begrippe en beginsels waarmee hy werk, sorgvuldig te omlyn, te bespreek en dan te presiseer. Juis deur dit te doen, dwing hy as't ware sy leser om saam met hom die stof deur te werk. Juis dit maak die werk so interessant en prikkelend en val dit ook telkemale op hoe hy vrae, waaroor op die Tusssen Kerklike Kommissie-vergaderings lank gepraat is, kort, bondig en netjies saamvat. Dit dikwels sonder om na daardie kernvrae te verwys.

Samevattend sou ek wil stel dat Coertzen uitmuntend daarin slaag om aan sy uitgangspunt getrou te bly én om sy tema breed en bevredigend uit te werk. Na my mening is dit 'n voortreflike geskrif en is dit een van die publikasies wat deur elke teologiese student met sorg gelees behoort te word, terwyl dit ook op elke predikant se rak behoort te staan.

**De Groot, C G 1992 – P J Spener en A H Francke: Grondleggers van die Duitse piëtisme.**

Potchefstroom: IRS. 53 bladsye. Prys R7,00

**Resensent: Prof A D Pont**

Met hierdie populêre geskrif wil die skrywer die Duitse teoloog Francke as't ware opnuut voorstel aan die Afrikaanssprekende, en terselfdertyd iets sê oor Francke se piëtisme en sy opvoedkundige opvattings. Veral laasgenoemde is in ons tyd besonder ter sake waar weer nuut gedink word oor Christelike en volkseie onderwys.

In sy uiteensetting het De Groot tereg die hele gevoelsmatige beweging met sy klem op die *pietas* teruggevoer na die Engelse oorspronge daarvan in die kringe van die puriteine. Die herkoms, byna wil ek sê die genealogie, van hierdie rigting in die protestantisme waar die vroomheid voorop staan, is 'n boeiende studie want die wortels daarvan lê nog verder terug in bepaalde anabaptistiese aksente wat dit op sy beurt weer oorgeneem het van die semi-pelagiaanse monnike-vroomheid.

In sy boekie noem De Groot hierdie hele beweging 'piëtisme'. In 'n sekere sin is dit 'n bietjie verwarrend omdat daar 'n groot verskil is tussen die puritanisme se vroomheid, die vroomheid van die manne van die Nadere Reformasie in Nederland (waaronder die ou skrywers getel word), die aksente en standpunte wat De Labadie na vore bring en dan, myns insiens, die tiperende en eiesoortige piëtisme van Spener en Francke. Deur dit alles piëtisme te noem, vervaag tog die duidelike onderskeidings wat in die hele subjektiwistiese beweging bestáán.

'n Tweede saak wat my opgeval het, is dat hierdie gevoelsmatige beweging 'n sekere regverdiging gegee word deur dit as 'n reaksie teen 'n te veel intellektualistiese ortodoksie te stel. Die vraag is egter of die Nadere Reformasie nie alreeds 'n afwyking van die lewende teologie van Calvyn is nie, deurdat húlle 'n onregmatige onderskeiding maak tussen verstand en gevoel, objektief en subjektief. Deel van hierdie aksentverskuiwing hang ook saam met die verskuiwing van aksente in Beza se teologie wat juis so die aanknopingspunte bied vir hierdie gevoelsmatige afwyking van die Reformatoriese teologie. Om dit egter te kan waardeer, moet die effek van die besluite én die skerp veroordelings van die Konsilie van Trente ook in gedagte gehou word. Daardie besluite saam met die optrede van die *Societas Jesu* het daarin geslaag om die Reformatoriese teologie, wat aangeval was, te stuit én op die verdediging te dwing. Dit het 'n geweldige effek gehad op die

manier waarop ook in Protestantse kring, die teologie beoefen is.

Dat die beklemtoning van die gevoelsmatige inderdaad ook 'n reaksie was teen die heropname van Aristoteles in die teologie is waar. Die vraag is egter of dié reaksie nie die evangelie skeefgetrek het nie én in die Calvinisme 'n introverte, wêreld-ontvlugtende tendens ingebou het wat die kerk tog duur te staan gekom het. Immers, in die agtiende en negentiende eeu is die piëtisme nie in staat om die sekularisasie-proses te stuit of te hinder nie. Die terugtrek in die eie kring, is in die negentiende eeu baie skerp deur Kohlbrügge afgewys en sy kritiek op hierdie beweging stáán nog.

Die uiteensetting van Francke se opvoedkundige program word tereg voorafgegaan deur op bladsye 31-41 die tekortkominge van die piëtisme duidelik te teken. Merkwaardig genoeg het die piëtisme met al sy klem op gevoelsmatige nooit iets begryp van Luther se stelling dat die evangelie 'n vrolike boodskap is nie, 'n bevrydende, verlossende woord. Dit juis omdat piëtiste en hulle navolgers die *ordo salutis* wéér in die teologie ingesmokkel het en so die evangelie weer tot wet gemaak het. Daarom is Francke se opvoedkundige program tog maar van betreklike waarde.

Ten slotte. Ek het hierdie boekie interessante, prikkelende leesstof gevind, en is van oordeel dat dit 'n goeie bydrae is tot die teologiese en ook die opvoedkundige gesprek van ons dag. Na my mening behoort die boek wyd gelees te word.

---

**Van der Walt, J L en Du Toit, S C 1992 – J Chr Coetzee: Reformatoriese Opvoedkunde.**

Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. 39 bladsye. Prys R7,00.

**Resensent: Prof AD Pont**

Die skrywers stel in die inleiding dat Coetzee beskou kan word '...[A]s die grondlegger van die Christelike opvoedkunde, en in besonder die Christelike opvoedingsteorie in Suid-Afrika'. Die kort geskrif wil dié stelling verder toelig. As sodanig is dit 'n interessante geskrif want Coetzee speel 'n belangrike rol in die formulering en begronding van die opvoedkunde in die kringe van die Potchefstroomse Calvinisme.

Die uiteensetting is veral interessant vanweë die byna probleemlose aanvaarding van die Christelike owerheid, die Christelike skool en universiteit en die Christelike gemeenskap. Dit veral omdat dieselfde Afrikanerorganisasies en lewensverbande wat dit alles as hoë ideaal nagestrewe het,

dit alles vandag netso hartgrondig verwerp. Dit is nogal merkwaardig dat die Christelike owerheid en daarmee saam die Christelike staatskool en selfs die Christelike gemeenskap in die huidige bestel byna so-iets soos vloekwoorde geword het. Skaars dertig jaar nà Coetzee as hartstogtelike voorvegter vir Christelik-nasionale onderwys die opvoedkundige wêreld beheers het, lê sy ideale aan skerwe. Daarom is die herinnering aan Coetzee se werk vandag 'n interessantheid wat nie meer ter sake is nie.

In die gesekulariseerde onderwyswêreld waar die gedagte van opvoeding vandag al verder op die agtergrond raak, word dit duidelik dat Coetzee se onderwys- en opvoedingstruktuur 'n basiese grondfout gehad het. Waarom was dit so maklik om dit in ons dae van die tafel te vee? Waarskynlik omdat Coetzee aan die onderwyser en daarom aan die staatsbepaalde onderwys 'n veels te groot aandeel gegee het in die hele proses van onderwys en opvoeding.

'n Vraag wat Coetzee se nadenke oor die onderwys nie werklik uitmaak nie, is die vraag of die onderwys inderdaad 'n selfstandige gesagskring moet wees. Die logiese en rasionele onderskeidings wat gemaak word wanneer 'n geslote sisteem gebou word, maak dit skynbaar onafwendbaar. Maar is dié opvatting werklik houdbaar? Is die opvoeding die 'eiendom' van die staat wat beheer word deur die politieke meerderheidsparty van die dag of is die kind die 'eiendom' van die huisgesin waarin hy gebore word?

Die sosialiste – van die Nasionaal-sosialisme tot by die Marxisme – is almal van mening dat die kind die eiendom van die staat is wat die reg het om die kind 'op te voed' binne die konteks van die heersende ideologie. Die burgerlike godsdiens, dit wil sê die godsdiens wat die belange van die heersende politieke party dien, wil altyd die kind aan die sorg van die staat toevertrou – ongeag die kwaliteit van die huisgesin waaraan hy behoort. As Lenin geparafraseer mag word, dan kom dit daarop neer dat diegene wat die jeug beheer, die toekoms beheer.

As daar teruggegaan word na Calvyn, dan word dit duidelik dat die huisgesin die opvoeder van die kind is en dat die skool, as 'n noodhulp vir die ouer, onder die sorg van die kerk, die plaaslike gemeente staan, wat die godsdienstige saamvoeging van die gelowige huisgesinne is. Die skool kom immers voort uit die kategese van die gelowige gemeenskap wat op grond van die doop die kinders in 'n bepaalde rigting moet opvoed en onderrig gee. Miskien sou hier tog iets geleer kan word van die Amerikaners wat in hulle staat alleen bepaal dat die kinders leerpligtig is maar nie skoolpligtig nie.

Hier sal, op hierdie vlak, weer nuut gedink moet word want Psalm 78 in gedagte gehou word. Dán is elke gedoopte kind, as 'n verlengstuk van die verlede van sy gesin, familie en gemeenskap, geregtig om opgevoed en onderrig te word.

Daarom is dit 'n oop vraag of Coetzee se stelling nog aanvaarbaar is wanneer hy sê: 'Dit is die staat se plig om skole op te rig' (bl 28). In die sluitende logiese sisteem wat Coetzee gebou het, is dit miskien vanselfsprekend. In die 'nuwe Suid-Afrika' wat die sisteembouers van gister nou najaag, beteken dit net een ding: Die vernietiging van die Christelike beskawing.

So gesien, is hierdie bespreking van Coetzee se visie op die onderwys van belang en insiggewend. Terselfdertyd dui dit weer aan dat 'n sisteem of 'n struktuur niks waarborg nie. Dit is die sondaarmens, met al sy gebreke, wat die sisteem moet laat funksioneer en as die mense die sisteem nie meer in stand hou nie, stort alles in duie. Daarom is die lees van hierdie uiteensetting belangrik omdat dit weer bewys dat die sonde, die geneigdheid tot die kwaad by die sondaarmens dikwels baie sterker is as sy plig tot gehoorsaamheid aan die lewende God en sy Woord.

---

**Keshishian, A 1992 – Conciliar fellowship.**

Geneva: W C C Publications. 125 bladsye. Prys £6,75

Resensent: Dr D J Smith

Die skrywer se boek moet gesien word teen die agtergrond van die debat in die Wêreldraad van Kerke oor kerkeenheid.

Hy wil die gedagte van 'Conciliar fellowship' uitbou in 'n soeke na 'n model van eenheid waarin alle kerke kan leef en getuig in volle gemeenskap en tegelykertyd hulle spesifieke identiteit behou. Hy gaan van die standpunt uit dat konsilies in die eerste eeue 'n toenemende plek in die kerk ingeneem het met 'n konsiliere struktuur op plaaslike, streeks, sinodale tot ekumeniese vlak. Drie basiese oorwegings het die weg gebaan vir die ontluiking en ontwikkeling van die gedagte van 'n konsiliêre gemeenskap in die Wereldraad van kerke:

* Volgens die skrywer het die ekumeniese beweging sy hoof strukturele uitdrukking in rade gevind. Alhoewel die rade nie die rade van een kerk was nie, sou hulle as proto-konsiliêre liggame beskou kan word wat die weg berei vir 'n voller konsiliêre gemeenskap en 'n ware ekumeniese raad.

- Die model van organiese eenheid het sy gewildheid in die ekumeniese beweging verloor omdat sommige kerke bevrees was dat dit kon lei tot strukture wat die diversiteit van die Christelike lewe kon verhinder. Die model van konsiliêre gemeenskap bevestig, aldus die skrywer, diversiteit.
- Die Ortodokse Kerke het baie erns gemaak met die gedagte as gevolg van die plek wat konsilies in hulle lewe inneem.

Dit is duidelik dat hierdie begrip in die Wêreldraad van Kerke nog nie duidelik gedefinieer is nie en dat die debat nog hoofsaaklik op akademiese vlak gevoer word en nog nie deurgedring het na die lewe van die lidkerke. Baie kerke het ook nog sterk voorbehoude oor die ekklesiologiese implikasies van die begrip. Die skrywer sien die plaaslike kerk as die basis en konteks van die konsiliêre gemeenskap. Dit begin by die plaaslike gemeentes (kerke) wat groei na 'n 'conciliar fellowship of local Churches'. Die begrip 'plaaslik' is in hierdie debat nog maar baie vaag gesien in die lig daarvan dat die plaaslike kerke en gemeentes hulle in 'n verband van konfessionele verdeeldheid bevind.

Die skrywer gaan in die verband van die volgende gedagtes uit:

- Die kerk is 'n lokale werklikheid. Die een heilige katolieke en apostoliese kerk is teenwoordig in elke lokale kerk. Die kerk is teenwoordig as volledig in elke kerk en tegelykertyd as volledig in elke plek. Die plaaslike kerk is die katolieke kerk op 'n besondere plek en omgekeerd.
- Die episkopaat is 'n begrondende element van die plaaslike kerk. Dit is ook 'n onmisbare element van die gemeenskap tussen plaaslike kerke. Hy aanvaar dat Protestantse kerke nie hiermee saamstem nie.
- Die plaaslike kerk is nie 'n selfgesentreerde werklikheid nie. Dit is 'n eucharistiese gemeenskap wat in gemeenskap met ander kerke leef. Deur hierdie gemeenskap word die kerk een, katoliek en apostolies.
- Die plaaslike kerk is die grondslag en konteks van die konsiliêre gemeenskap. Keshishian stel die sakramente, naamlik die doop en Nagmaal in die middelpunt van die konsiliêre gemeenskap. Doop en Nagmaal vorm saam 'n konkrete band van eenheid tussen alle Christene en plaaslike kerke (gemeentes). Dit lê aan die hart van die konsiliêre gemeenskap.

Die kerk is dan die plaaslike euchristiese gemeenskap. Dit is deur die

Nagmaal dat die kerk homself duidelik sigbaar uitdruk en ten volle kerk word. Die Nagmaal is ook die bron en teken van katolisiteit. Die gemeenskap van plaaslike kerke word ondervind en manifesteer in en deur die Nagmaal. Die skrywer stel dat die konsiliêre gemeenskap voortvloei uit die eucharistiese gemeenskap wat 'n voorvereiste is vir konsiliêre gemeenskap.

Hy is van mening dat die groeiende praktyk van tussenkerklike Nagmaalsvieringe in ekumeniese verband en by spesiale geleenthede vir sommige kerke 'n pad oopmaak na 'n volle eucharistiese gemeenskap, maar stel ook dat so 'n tussenkerklike Nagmaalsviering gewis vir sommige kerke die wese en eenheid van die kerk vernietig. Om dié rede is dit 'n saak wat nog deeglik uitgepluis moet word.

Die skrywer is van mening dat konsiliêre gemeenskap 'n goeie model vir kerkeenheid is. Trouens, hy stel dat dit aan die kern van eenheid lê. Vir hom is die eenheid van die kerk nie net 'n teologiese ooreenstemming nie, maar 'n sigbare gemeenskap waarin 'n plaaslike kerk in gemeenskap met ander plaaslike kerke leef. In die verband is konsiliêre gemeenskap 'n 'Common vision of unity'. Die eenheid van die kerk is van aard uit konsiliêr. Daarom beskrywe dit die aard, model en visie van eenheid waartoe kerke in die ekumeniese beweging opgeroep word.

Konsiliêre gemeenskap is verder nie 'n proses van samespreking tussen kerke wat gemik is op 'n naasbestaan in vrede en soms op gesamentlike aksie uitloop nie. Dit is ook nie 'n samesmelting van konfessionele groepe nie. Dit is die volle sigbare en organiese eenheid van plaaslike kerke op elke en in alle plekke.

Konsiliêre gemeenskap is ook nie 'n homogene gemeenskap met 'n monolitiese struktuur nie. Dit is 'n model van eenheid wat 'egte diversiteit' waarborg binne die raamwerk van 'n algemene belydenis van die apostoliese geloof en 'n volle Nagmaalsgemeenskap.

Die outeur is van mening dat daar binne die Wêreldraad van Kerke 'n beweging van ekumeniese gemeenskap na konsiliêre gemeenskap moet wees. Hy sê dat die ekumeniese beweging (in die WRK) 'n geweldige verandering in die lewe en getuienis van die verskillende kerke gebring het. Die verdeelde kerke het 'n gemeenskaplike proses van dialoog, nadenke en aksie op plaaslike-, streeks- en wêreldvlak betree. Nogtans is die ekumeniese gemeenskap slegs 'n 'pre-konsiliêre' gemeenskap, aangesien daar nog nie konsensus oor die apostoliese geloof en die Nagmaalsgemeenskap bereik is nie. Konsiliêre gemeenskap is daarom tans nog 'n pad vorentoe en 'n uiteindelike doel.

Hy is van mening dat hierdie gemeenskap voortdurend groei deur gemeenskaplike gebed, diakonia en getuienis. Die volle verwerklikking daarvan lê nog voor in die toekoms waaroor God beslis.

Vanuit sy agtergrond in die Armeniaanse Ortodokse kerk met sy sterk tradisie van konsilies, lewer Keshishian 'n bydrae wat tot sterk nadenke stem. Veral in die Protestantse tradisie waar die konsiliêre gedagte op die agtergrond geraak het, kan met vrug geluister word na sommige dinge wat die skrywer sê ten einde sommige van die Protestantse standpunte daaraan te toets. Wie belangstel in die ekklesiologie kan nie die skrywer se standpunte ignoreer nie. Hierdie studie gee tegelykertyd 'n goeie insig in die stand van die debat oor kerkeenheid in die Wêreldraad van Kerke.

---

Thorpe, S A 1992 – Primal religions worldwide

Pretoria: Unisa. 126 bladsye. Prys onbekend.

Resensent: Prof P J van der Merwe

Mev Shirley Thorpe is 'n dosent in die Departement Godsdienswetenskap aan Unisa. Sy is Amerikaans van oorsprong en het vanweë 'n sendingbelangstelling in Afrika beland. Haar leeropdrag by Unisa sluit die primale godsdienste in.

In hierdie resensie word die riglyne gevolg wat in *HTS* 47/2 (1991), 275-276, verskyn het. Daarvolgens word die werk aan die hand van 'n aantal kwantitatiewe – en kwalitatiewe riglyne beoordeel. Die skerpsinnige leser sal egter agterkom dat hierdie resensie nogal moeite met sommige van die 'riglyne' het en dat dit in elk geval van 'n eie logiese rangskikking daarvan uitgaan.

**KWANTITATIEF**

1. Uit die voorwoord blyk dit dat die werk nie uit 'n navorsingsprojek voortvloei nie, maar as 'n 'handboek' bedoel is, in die eerste plek vir mev Thorpe se voorgraadse studente, maar dan natuurlik ook vir voorgraadse studente van Godsdienswetenskap in die algemeen. Dit pretendeer nie om 'n nuwe kennisbydrae te wees nie, maar wil 'n seleksie van temas en inligting uit verskillende oorde en bronne saambring in 'n hanteerbare formaat.
2. *Indeling:* Die boek bestaan uit tien dele waarvan agt hoofstukke is. Die indeling sien soos volg daaruit (gevolg deur aantal bladsye wat elkeen beslaan):

Voorwoord 2
Hf 1 – Inleiding 10
Hf 2 – Asië 17
Hf 3 – Afrika 16
Hf 4 – Noord Amerika 21
Hf 5 – Sentraal- en Suid-Amerika 22
Hf 6 – Oseanië en Australië 19
Hf 7 – Patrone in primale godsdienste 12
Epiloog – Primale godsdiens in die toekoms 6

3. *Bronverwysings:* Dit blyk dat die skrywer verreweg die swaarste op Dupré, W 1975 *Religion in primitive cultures: a study in ethnophilosophy*, gesteun het, alhoewel sy erken dat bladsye 36-43 feitlik net so uit Junod, H 1927 *The life of a South African tribe Vol 2*, oorgeneem is.

   Daarbenewens is daar vier sitate in die werk waarvan drie uit genoemde werk van Dupré.

   Die werk bevat 'n bronnelys en by ontleding lyk dit soos volg:

   * Dit bevat 46 titels.
   * Die tydspan is 1927-1990.
   * 16 titels is van die afgelope dekade.
   * Een titel is in Suid-Afrika gepubliseer en nog een in Zimbabwe.
   * 8 titels is van tydskrifartikels, waarvan 6 uit *National Geographic*.
   * Al drie tydskrifte waarna verwys word, is internasionaal.

4. Die werk bevat geen aanhangsels of indeks nie.
5. Die werk bevat 'n skets wat die globale verspreiding van primale godsdienste aandui.
6. *Inhoudelik:* Trefwoorde en sleutelkonsepte is die gewone wat in Volkekunde en Godsdiensgeskiedenis, veral met betrekking tot primale godsdienste, aangewend word. Waarskynlik sal die leser wat vir die eerste keer met hierdie materiaal kennismaak, 'n aantal terme en begrippe kan identifiseer wat beter omskryf kon gewees het.

   'n Groot deel van hoofstuk 1 word gewy aan 'n terminologiese bespreking van terme soos 'primitief', 'tradisioneel', 'preliterêr' en 'primaal'. Sy toon oortuigend die meriete van laasgenoemde aan.

   Die term 'godsdiens' of 'religie' verg egter heelwat meer inspanning, aangesien primale gemeenskappe onbekend is met differensiasie van lewensterreine en daar in hulle kulture kwalik van 'n eie identifiseerbare saak soos godsdiens sprake is.
7. Selfwerksaamheid word gestimuleer deur lyste van aanbevole werke aan die einde van hoofstukke. Geen lys bevat meer as vier werke nie.

Die werk is egter geen studieboek met selfstudieopdragte en/of -vraagstellings nie.

KWALITATIEF

1. Die openingsparagrawe van hoofstuk 1 sou nou nie juis as boeiend of aktualiserend bestempel kon word nie. Daarin maan die skrywer haar lesers bloot tot onpartydigheid en verdraagsaamheid wanneer hulle met die temas wat die boek hanteer, begin stoei. Nóg romantisering, nóg minagting het hier 'n plek. Dit gaan om bewuswording van en begrip vir die primale volke en hulle ervaring van die werklikheid.
2. Soos reeds genoem, rig die skrywer haar op 'n spesifieke studentegehoor – wat sy ook goed leer ken het in die tyd waarin sy hulle onderrig het.

   Dit is jammer dat sy haar nie ook op 'n wyer leserspubliek gerig het nie. Haar onderwerp het die potensiaal om meer as net studentebelangstelling te lok.
3. Die boek het primêr 'n onderrigoogmerk. Op bladsy 7 beskryf sy haar bedoeling: Eerstens, om die leser bewus te maak van die diverse kulturele en historiese kontekste van primale godsdienste en, tweedens, om hom in te lei in die algemene strukturele en fenomenologiese patroon van primale godsdienste.

   Nogtans het die werk nie uitstaande onderrigkenmerke nie.
4. Gesien die handboekkarakter van die werk is daar nie 'n basiese vraagstelling of sentrale tese waarvan uitgegaan word of waar rondom die werk opgebou is nie. Die naaste daaraan is dat daar 'n konstruktiewe en komplementêre spanning bestaan tussen 'n kontekstueel-historiese beskrywing en 'n oorkoepelende fenomenologies-sistematiese benadering van primale godsdienste. Verder word 'n appèl gerig tot die leser se humane empatie om hom in te lei in die verstaan van die primale mens se belewenis van werklikheid en lewe.
5. Die indeling van die boek is vroeër verduidelik. Dit doen logieskoherent en -konsistent aan en dien die skrywer se oogmerk. Vyf hoofstukke word gewy aan 'n inleidende, oorsigtelike aanbieding van primale godsdienste in vyf wêrelddele, terwyl die twee hoofstukke wat daarop volg, fenomenologies-struktureel en fenomenologies-filosofies van aard is.
6. Die hoofstukke hang goed saam, alhoewel begryp moet word dat 'n oorsigtelike werk soos hierdie nate sal vertoon. Die oorgange tussen die godsdienshistoriese

hoofstukke is byvoorbeeld spronge van een wêrelddeel na 'n volgende.

7. Die skrywer maak oorvloediglik van gesaghebbende inligting gebruik, hoewel dit duidelik is dat Dupré (1975) besondere gewig dra.
8. Die sterk- en swakpunte van die werk korreleer direk met mekaar. Die swakpunt is die inleidende oorsigtelikheid van die werk en die feit dat dit 'n kompilasie van bestaande materiaal is. Die sterkpunt is dat dit 'n vinnige, inleidende oorsig bied van bestaande materiaal en dus geskik is vir 'n eerste kennisname.
9. Uit die aard van die saak word van historiese getuienis gebruik gemaak.
10. Voorbeelde word meestal generies aangewend.
11. Haar styl is waarskynlik 'n bietjie strak en verbeeldingloos. Indien sy die *National Geographic* wat sy so goed gebruik, ook in styl nagevolg het, sou hierdie 'n hoogs leesbare boek, dalk 'n trefferverkoper, gewees het.

    Aan die ander kant skryf sy netjies en ekonomies. Dit is op die punt af en duidelik.
13. Die werk maak gebruik van 'n aangepaste Harvard-verwysing- en ortografiese stelsel.
14. Dieselfde stelsel maak dit baie moeilik om die werke in die bronnelys terug te voer na die teks. Dit wil egter voorkom of daar vier werke in die bronnelys is waarna nie in die teks verwys word nie, terwyl die bronnelys nie aandui wat 'Dupré 1979' is waarna op bladsy 16 verwys word nie.

    Genoemde inkonsekwenthede is egter gering en onbelangrik, en waarskynlik aan redaksionele oorsig te wyte. Die skrywer is baie eerlik in haar bedoeling en gebruik die bronnelys geensins met 'n dekoratiewe motief nie.
15. Die boek vul definitief 'n leemte deurdat dit 'n oorsig bied van materiaal wat uit verskeie oorde saamgebring is. Daar is nie regtig ander werke wat dit so doen nie.
16. Die werk se deugde is duidelik meer as sy leemtes. As handboek wat 'n oorsigtelike inleiding met betrekking tot primale godsdienste bied, slaag dit wel.
17. Aan die einde van die werk verwys die skrywer na 'n belangrike tese van die laaste hoofstuk, maar wat 'n mens by wyse van terugskou ook as 'n versweë tese van die hele boek herken: Moderne en primale mense word deur 'n band van hulle gemeenskaplike mensheid gebind. 'Primal people have borrowed from and have been enriched (as well as contaminated) by their contacts with modern culture.

Modern people, as well, need to learn and be enriched by their contacts with primal culture.' (bl 123). Hierdie tema sou miskien meer bewustelik in die werk uitgebou kon gewees het.

18. Nie alleen studente nie, maar enige ander persoon met 'n lekebelangstelling in primale godsdienste, kan gerus hierdie boek aanskaf.

---

Brümmer, V 1992 – Wijsgerige theologie in beweging

Utrecht: Faculteit der Godgeleerdheid, Rijksuniversiteit Utrecht (Utrechtse Theologiche Reeks 14). 195 bladsye. Prys onbekend.

Resensent: Ds G M J van Wyk

## KWANTITATIEWE ASPEKTE

Die bundel het die subtitel 'Een selectie uit de essays van Vincent Brümmer' en dit is saamgestel en ingelei deur G van den Brink, L J van den Brom en M Sarot. Die bundel bestaan uit dertien artikels wat almal van wetenskaplike gehalte is. Die artikels is 'n seleksie uit die pen van Brümmer wat 'n denkweg skets wat in 1963/64 begin het en tot in 1991 strek. 'n Aantreklikheid van die bundel is dat Brümmer self 'n 'intellektuele outobiografie' geskryf het wat as die eerste artikel in die bundel opgeneem is. By die lees van die biografie kom mens gou agter dat hier meer as 'n biografie op die tafel is. Die biografie is tegelyk ook 'n inleiding in die denke van Brümmer en 'n padkaart om die leser te help om nie te verdwaal as hy die res van die bundel lees en hom so op die 'kronkels in die denkweg' van Brümmer begeef nie.

Die twaalf oorblywende artikels dek 'n wye veld en dui daadwerklik op 'n pad wat die godsdiensfilosoof in sy denke afgelê het. Die artikels, wat elk tussen agt en twee-en-twintig bladsye lank is, handel oor die volgende temas:

* Die logika van argumente vir die bestaan van God
* Wat kan gedoen word met 'n mite?
* Die funksie van religie in die wysbegeerte
* Is 'n transendentale kritiek religieus bepaald?
* Profetiese kritiek of romantiese protes
* Loen se geskiedenis
* Verifikasie en feitelikheid
* Die kwaad en die goedheid van God
* Die hardnekkigheid van onbegrip
* Metaforiese denke en sistematiese teologie
* Farrer
* Wiles en die kousale verband
* God en die *unio mystica*.

Die bundel is nie van enige indekse voorsien nie, maar dit het wel aan die einde 'n bibliografie wat Brümmer se publikasies dek. Die leemtes wat die afwesigheid van 'n outeurs- en sakeregister meebring, word in 'n groot mate ondervang deurdat al die artikels van 'n tegnies goed versorgde en saaklik wyd uitgebreide sisteem van voetnotas voorsien is. Die boek het verder 'n hele aantal verwysings na en aanhalings uit 'n baie wye spektrum van boeke en vakwetenskaplike tydskrifartikels. Brümmer verwys na 'n hele aantal klassieke en resente filosowe en teoloë (te veel om hier op te noem). Hy is voortdurend besig om met hierdie outeurs in gesprek te tree, die bedoelings van hulle teorieë uit te spel, probleme wat uit hierdie teorieë voortspruit, aan te dui en op te klaar en teses te ontwerp wat die probleme wat op die tafel gekom het, in sy geprek met die tradisie en sy tydgenote op te klaar.

## KWALITATIEWE ASPEKTE

Die bundel opstelle van Brümmer is uitgegee by geleentheid van die herdenking van die skrywer se vyf en twintigste jubileum as hoogleraar van die Ryksuniversiteit van Utrecht. Die samestellers van die bundel het belis 'n goeie keuse gemaak toe hulle besluit het dat die beste wyse om die jubilaris te huldig sou wees om hom self aan die woord te laat kom. Die artikels wat in die bundel opgeneem is, is bedoel om 'n oorsig te gee van die skrywer se werk; dit wil bakens op sy denkweg aandui. Die samestelling van die bundel maak dit onmoontlik om na n sentrale idee, doel of tese in die bundel te vra. Dit is eweneens onvanpas om na 'n organisatoriese patroon in die bundel te soek of om alternatiewelik elk van die artikels in die bundel in diepte te probeer bespreek. Die resensent ervaar hierdie onmoontlikhede egter nie as probleme nie, omdat dit juis die leser van die bundel op die spoor sal plaas om die bundel te lees vir wat dit is, naamlik dat dit bakens op 'n denkweg is. Die dwang wat op die leser geplaas word om die bundel as 'n neerslag van 'n denkproses te lees, bring die leser nie alleen daartoe om Brümmer se eie denke te verstaan nie, maar dit bring hom ook daartoe om die wese van die godsdiensfilosofie te verstaan, naamlik om godsdiensfilosofie as kritiese denke, oordenking, herdenking en voor-finale spreke te verstaan. Godsdiensfilosofie kan nooit in 'n sisteem verval, in 'n skema vasgevat word of in 'n formule weergegee word nie, want dit bly denke en denke bly altyd voorlopig.

Die sentrale vraag wat hier beantwoord moet word, is: Hoe lyk die denkweg van Brümmer? Brümmer self sien sy denkweg as 'n kronkelende pad. Die kronkels in sy denkweg is egter nie toevallig of kunsmatig nie.

Die skrywer moes telkens koers wysig sodat hy nuwe probleme wat binne sy denkhorison verskyn het, kon ondersoek en kon probeer oplos.

Brümmer – 'n gebore Suid Afrikaner – begin sy akademiese loopbaan as student aan die Universiteit van Stellenbosch. Die doel van die teologiese studies in die tyd van sy aanvanklike vorming, was dat die student daartoe gebring sou word om die ortodoks-gereformeerde leer sonder voorbehoud te aanvaar omdat dit in ooreenstemming met die Skrif is. Brümmer besef baie vinnig dat die evangelie nie tot 'n tydlose waarheid omvorm kan word wat in 'n bepaalde leer getalte vind nie. Wanneer die teologie van sy studente 'n *sacrificium intellectus* vra, het dit te veel gevra. So bevind Brümmer hom n die begin van sy loopbaan af in e spanningsveld tussen tradisie en vernuwing.

Na Stellenbosch studeer hy aan Harvard, Utrecht en Oxford. Hy doseer daarna aan die Universiteit van Natal, UNISA en Utrecht. Dit is veelseggend dat Brümmer as student gereis het. Sy reise bring hom in aanraking met 'vreemde' denke en sy denkweg kruis paaie met dié van ander. Wie denkend paaie met ander kruis, se weg kan nie ongestoord voortaan nie. Sy weg begin om te kronkel. Brümmer se biografie behoort elke Suid-Afrikaanse student van die teologie aan te moedig om dieselfde pad te loop as wat hy geloop het – dan egter nie om Brümmer te probeer na-aap nie, maar eerder om self soekend op dié weg te gaan. By Brümmer kom baie denkweë bymekaar. Name wat opduik in sy skryfwerk is: Dooyeweerd, Heim, Loen, Kierkegaard, Kuyper, Bavinck, Barth, Bultmann, Bonhoëffer, Tillich, Ramsey, Ryle, Ayer, Hasselaar, Ebeling, Russell, Cassirer, Popper, Dostojewski en andere. Tradisies wat in sy dinkwerk op mekaar inwerk, is: Die gereformeerde ortodoksie uit Nederland, die kritiese teologie uit Duitsland en die logiese positivisme en analitiese filosofie uit Engeland. Dit het tot gevolg dat Brümmer se denke 'n ekumeniese gerigtheid het. In die teologie gaan dit vir hom om die omverwerping van vanselfsprekendhede. Denke is op horisonversmelting en daarom ook op horisonverbreding gerig.

Die indruk mag dalk in die laaste paragraaf gewek word dat Brümmer niks meer as 'n 'filosowe-filosoof' is nie. Dit is nie so nie. Hy lewer nie net kommentaar oor dit wat ander reeds gesê het nie. Hy probeer nie net om die gedagtes van ander in nuwe, meer bevatlike woorde oor te sê nie. Brümmer wil nie 'n naprater wees nie, maar 'n denker. Hy onderskryf dan ook die Oxfordse ideaal van 'doing philosophy rather than studying philosophies'

Die belangrikste kronkel in die denkweg van Brümmer is dat hy nie daarmee volstaan het om die analitiese metode in die godsdiensfilosofie in te voer in 'n poging om deur middel van begripsanalitiese vaardighede die kritiese gehalte van die teologiese denke te probeer verhoog nie. Hy het besef dat die beskrywing van 'n metode nie veel waarde het as die metode nie ook toegepas word nie. Daarom het hy begin om ook inhoudelike teologiese vraagstukke met sy *instrumentarium* te behandel. Hieroor se hy: 'Kortom, ik moest overgaan tot het beoefenen van de wijsgerige theologie in strike zin en laten zien dat dit een vruchtbare en legitieme vorm van systematische theologie is' (bl 20).

Daar kan nog baie meer oor Brümmer se denkweg gesê word. Dit is beslis die moeite werd om saam met Brümmer op sy denkweg te gaan. Die woorde van Heidegger uit *Holzwege* kan beslis op die denkweg van Brümmer betrek word: 'Holz lautet ein alter Name für Wald. Im Holz sind Wege die meist verwachsen jäh im Unbegangenen aufhören. Sie heissen Holzwege.

Jeder verläuft gesondert, aber in selben wald. Oft scheint es, als gleiche einer dem anderen. Doch es scheint nur so. Holzmacher und Waldhüter kennen die wege. Sie wissen, was es heisst, auf einem Holzweg zu sein.'

Wie sal daarby baat vind om die werk van Brümmer te lees? Om met behulp van Heidegger se metafore te praat: Vir wie sal dit die moeite werd wees om sy lyf bosbouer te hou en saam met Brümmer sy pad te loop? Hulle wat hulle nog nie op die weg van die teologie begewe het nie, sal in die werk van Brümmer 'n padkaart vind wat vir hulle die rigting kan aandui waarin hulle moet beweeg. Dit is nie die enigste pad nie, maar dit is beslis 'n pad vol verrassings. Hulle wat meen hulle het reeds hulle bestemming bereik, maar in 'n muwwe kamertjie by 'n halfweghuis opgesluit sit, kan dit dalk weer op die pad waag. Hulle mag dalk net vind dat die pad aangaan waar hulle gedink het dat dit ophou. Ook hulle wie nog op pad is, mag dalk vind dat hulle eie weg 'n kronkel mag kry wat deur baie aantreklike landskappe gaan wanneer hulle eie pad dié van Brümmer kruis.

---

**Kruger, P 1992 – Ek sal vir jou wees soos die dou**

Pretoria: Orion. 102 bladsye. Prys onbekend

**Resensent: Prof W Vosloo**

Die boek is ingedeel in 20 kort hoofstukke wat bepaalde gedeeltes uit die

boek Hosea op 'n maklik verstaanbare wyse behandel. Elke hoofstuk is soos volg saamgestel: Eers word die gedeelte wat uit Hosea behandel gaan word, afgedruk. Daarna volg 'n uiteensetting van die boodskap soos die eerste hoorders dit sou verstaan, 'n toepassing vir vandag, en 'n aantal vrae wat vir persoonlike of groepsbybelstudie gebruik kan word.

Omdat dit vir populêre gebruik bedoel is, word probleemsake nie beredeneer of vakkundige besprekings gevoer nie. Die boek bevat geen indekse of bibliografie nie. Ongelukkig word die boek ontsier deur 'n hele reeks drukfoute.

Die skrywer beskou die boek Hosea as "n stuk geloofskategese met die sentrale gedagte: As die verhouding met God nie reg is nie, dan loop alles verkeerd'. Hy meen dat daar twee goue drade deur die boek loop, naamlik God se genade-aanbod en wat die volk daarmee gemaak het.

Die skrywer slaag daarin om vir die nie-vakkundige te demonstreer dat die Ou Testament 'n selfstandige woord te spreek het en 'n diepgang en boodskap vir vandag het wat deur die gewone Bybelleser meestal nie raakgesien word nie. Die wyse waarop die skrywer die stof aanbied, beklemtoon dat die boodskap wat die hoorder van vandag hoor, anders kan wees as wat die oorspronklike hoorders verstaan het en illustreer die noodsaaklikheid om die boodskap van destyds eers goed te begryp alvorens die boodskap vir vandag verantwoordbaar geformuleer kan word (alhoewel uitleg en toepassing op bladsy 42 ietwat oorvleuel). Daarmee het die skrywer 'n belangrike saak gedien, naamlik om te wys op die belangrikheid van die Ou Testament as gesagvolle Woord van God vir vandag.

As voorbeelde van goeie uitleg, kan verwys word na die behandeling van Hosea 5:1-6 (bl 40-41); en 9:10-17 (bl 67). Konkretisering soos byvoorbeeld in die geval van Hosea 1:2 (bl 9) en 4:4-9 (bl 38-39) bring die Ou Testament tot by die leser en maak die boodskap relevant vir elke dag sonder dat dit enigsins die teks geweld aandoen of dat net 'n Nuwe-Testamentiese 'sousie' bygevoeg word.

Nogtans is daar enkele kritiese opmerkings wat gemaak moet word. Verreweg die belangrikste probleem is die feit dat die perikoopafbakening nie bevredigend is nie. Byvoorbeeld, waarom word vers 5 by hoofstuk 3 weggelaat en vers 3 losgemaak van verse 1 en 2 by hoofstuk 4? (In die laaste geval teken vers 3 die gevolg van die sondes van verse 1-2.) Dieselfde geld van vers 7 by 5:1-6. Die begin van die aanklag in 7:3 is 'n duidelike aanduiding dat die perikoop daar begin en nie met vers 1 nie. Die perikoopverdeling van hoofstuk 2 in verse 1-12 en 13-19 [Afrikaanse teksverwysings] roep ook vrae op. Die

probleem is dat die volle gedagte-eenheid nie in hierdie gevalle tot sy reg gekom het nie. Iets het telkens nog in die lug bly hang. Die beginsel agter die keuses wat gemaak is ten opsigte van gedeeltes wat bespreek is, is ook onduidelik. Soms is 'n enkele vers net weggelaat, en 'n ander keer 'n hele hoofstuk (Hos 13).

Die vrae vir bespreking is funksioneel, maar hier en daar sou 'n mens die formulering ietwat anders wou gehad het.

Op sommige plekke kan daar ook ernstig oor die uitleg verskil word. Enkele voorbeelde is die volgende: Kan 'n mens die sommetjie wat Wolff maak om ten opsigte van 3:2 by 30 sikkels (die prys van 'n slaaf, Eks 21: 32) uit te kom, so maklik aanvaar (bl 28)? Is Wolff *cum suis* korrek om Hosea 6:1-3 as 'n 'skynbekering' te beskou, of het ons nie hier dalk 'n profetiese oproep tot inkeer nie (bls 48)? Is *Adma* en *Sebojim* dieselfde as Sodom en Gomorra (bl 84) as Deuteronomium 29:23 al vier name noem? Is 'kennis van God' bloot rasionele kennis (bl 32), of druk dit nie juis 'n intieme verhouding uit nie? Hoe seker is ons dat Dawid Psalm 51 geskryf het (bl 92) as vers 30 praat van die mure wat herbou moet word? Verskeie ander soortgelyke stellings roep vrae op.

Die boek Hosea is sonder twyfel 'n boek wat baie probleme vir die eksegeet oplewer. Niemand sal ooit 'n uitleg daarvan kan skryf sonder dat daar ernstige verskil van mening geopper kan word nie. Daarom moet die waarde van die boek gemeet word aan die positiewe kommentaar wat gelewer is. Die boek is geskryf vir die gewone Bybelleser en sal sonder twyfel van besondere waarde vir hierdie teikengroep wees en kan beslis vir dié doel aanbeveel word.